

Die uniekheid van 'n maagdelike geboorte

Teks: Mattues 1: 18 - 24 en Sondag 14
Teksvers: Matteus 1: 19

1. Inleiding

Vandag in ons reis deur die kategismus kom ons by die moeilike onderwerp van die maagdelike geboorte. Iets wat ons elke Sondag as deel van die 12 artikels bely. Tog is hierdie een van die spesifieke dogma's wat die 'n ongelowige wêreld gereeld gebruik om geloof belaglik te maak. Om gelowiges as onkundige voor-wetenskaplike mense te klassifiseer.

Tog openbaar so 'n standpunt net so swak kennis van ander Wetenskappe as van Teologie. Want reeds in 1966 verskyn 'n omstrede artikel deur die antropoloog Edmund Leach. Dit is getiteld "Virgin Birth" wat dan natuurlik vertaal in maagdelike geboorte. In hierdie artikel maak hy nie maagdelike konsepie af as blote onkunde nie. Hy beweer dat vroeë aanhangers goed geweet het wat die biologiese waarheid is. Maar vir rituele en mitiese doeleindes het hulle vasgehou aan hulle oortuigings.

Natuurlik is dit duidelik dat Christene vinnig ingesluit is by hier mense waarna Leach verwys. Want saam met die Aboriginal Australiërs en Trobriand-eilandbewoners is hulle nie meer as onkundiges beskou nie. Deur die jare het hierdie artikel dan ook heelwat debat tussen teoloë en antropoloë gestimuleer.

Maar ek is 'n teoloog en hierdie is die kerk van die Here. En as gereformeerde gelowiges stel ons tog belang in die waarheid soos geopenbaar is die Woord van die Here. Die waarheid wat ook vir ons opgesom word in die belydenisskrifte soos die Heidelbergse kategismus. In ons prediking vanoggend gaan ons dan die posisie van Josef teenoor Maria en uiteindelik Jesus Christus ondersoek. Daarom handel ons teksvers oor die openbaring van Josef se gedagtes en

optrede in die evangelie volgens Mattheus.

2. Wat beteken die maagdelike geboorte.

Ons begin by die belang van die maagdelike geboorte. Hoekom is dit so belangrike dogmatiese leerstelling dat die kerk dit deur die eeue met ywer verdedig het. Wel die maagdelike geboorte het 'n spesifieke funksie in verband met die lank verwagte Messias soos ons in vers 22 sien.

Maar meer as dit. Ons het die maagdelik geboorte nodig om waarlik Immanuël waarvan vers 23 te kan beleef. 'n Mens is in wese 'n afstammeling van jou ouers. 'n Dier word uit 'n dier gebore en 'n mens uit 'n mens, om dit baie eenvoudig te stel. Daarom kan dit natuurlik nie anders as God uit God nie. Jesus Christus is waarlik God en daarom waarlik die Seun van God. Soos ons laasweek gesê het. Een in substans met die Vader, en nie soos ons mense kinders aangeneem nie. Iets wat net met maagdelike konsepie moontlik is.

Verder sonder om 'n ongemaklike gesprek oor konsepie betrokke te raak, lees ons die eerste keer in Genesis 4:1 "EN die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar". Maar dit is belangrik om te sien dat hierdie vers in Genesis 4 staan. Dit is na die sondeval in Genesis 3. Voor die sondeval tref ons dit nie aan nie.

Ook in die hiernamaals gaan hierdie gebruik nie voort nie. Ons sien iets hiervan in Jesus se antwoord aan die Sadduseërs in Matteus 22:30 : "Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel."

Jesus Christus as ware Middelaar kom van die hemel na hierdie sondige bedeling waarin ons leef. Hy kan nie bloot op 'n menslike manier verwek word in hierdie sondige bedeling nie. Dit is wat ons ook bely in vraag en antwoord 36. Dus is dit duidelik dat die hele wese van ons Middelaar, Jesus Christus afhanklik is van Sy maagdelike geboorte.

3. Was Josef bloot onkundig?

Terug by ons fokus op Josef, is die eerste vraag wat ons wil antwoord of Josef dan bloot onkundig? Onder moderne mense is daar dikwels die geneigtheid om om antieke mense se intellek te onderskat. Daar word gereken met die geweldige voortuitgang in wetenskap is die antieke mens agtergelaat. En daarom word daar maklik gesê dat 'n moderne mens weet dat die maagdelike geboorte nie moontlik.

Maar wat van Josef, wat as ons werklik eerlik met die teks omgaan? As ons na die ons teksvers, vers 19 kyk, sien ons Josef se voorneme om van Maria te skei. Vir ons vandag hoort egskeding en verlowing nie by mekaar nie. Maar in antieke Israel was verlowing 'n baie meer ernstige saak. Wanneer 'n man sy verlowing wou verbreek moes hy 'n skeibrief aan sy verloofde gee. Dit is dus duidelik dat daar gewigtige redes vir so 'n egskeding moes wees.

En wanneer 'n mens na vers 18 kyk, is die rede eintlik baie duidelik. Daar staan "dit het geblyk dat sy swanger is". En omdat Josef getrou aan die wet van Moses was, moes hy natuurlik Deuteronomium 22: 20-21: "20Maar as die man die waarheid gepraat het, en daar nie enige tekens dat sy 'n maagd was by haar gevind is nie, 21moet hulle haar by die deur van haar pa se huis laat uitkom en die mans van die stad moet haar daar met klippe doodgooi.

Maar dan is dit ook juis die manier waarop Josef beplan om die verlowing te verbreek wat treffend is. Hy wil nie vir Maria openlik

tot skande maak nie. Dit beteken dus, dat Josef ondanks wat fout is in hulle verlowing steeds baie omgee vir Maria. Ons kan dus aflei dat die enigste probleem hierdie swangerskap is. En in lyn met die oordeel wat Deuteronomium 22 oor maagdelikheid vel, kan ons aanvaar dat Josef nie oortuig was van die moontlikheid van 'n maagdelike swangerskap nie. Die verg dan juis 'n engel van die Here om hom hiervan te oortuig.

4. Was Josef vasgevang in rituele en mites?

Maar as Josef dan nie onkundig was nie, was hy dan vasgevang in rituele en mites in die siening van Leach wat ons in die inleiding bespreek het. Wanneer ons dit ondersoek kom ons ook tot 'n ander gevolgtrekking. Leach se teorie berus op die feit dat die verontagsaming van rituele en mites tot uitwerping van 'n gemeenskap sal lei. Met ander woorde as jy nie die rituele en mites onderhou nie, sal die gemeenskap jou afsny. Selfs al weet jy en waarskynlik hulle ook wat die eintlike waarheid is. Met ander woorde al weet die hele gemeenskap dat maagdelike geboorte nie moontlik is nie. Sal iemand uitgewerp word indien hy/sy dit durf waag ontken.

Maar was dit waar van die eerste eeuse gemeenskap waarin Maria en Josef geleef het? Wel wanneer ons die optrede van Josef ondersoek, dan sien ons aanvanklik 'n optrede in lyn met sy kulturele gebruike. Dit was nie die gebruik onder die Israëliete in die eerste eeu, dat iemand swanger word, wat nie getroud is nie. Dit is juis hieroor dat Josef in die geheim uit hierdie situasie wil kom. Trouens ons sien dat Israel hier baie jare na Moses steeds moeite doen om die wet te gehoorsaam. En wanneer ons mooi na ons kruisverwysing uit Deuteronomium kyk, sien ons dat die mense in Moses se tyd eintlik al die waarheid rondom seksuele moraliteit geken het.

Tog sien ons uiteindelik dat Josef juis in opdrag van die Here, eintlik teen die kulturele gebruike optree. Want soos wat die gemeenskap nie vir Christus as die Messias erken het nie. Net so het die gemeenskap waarskynlik nie hierdie maagdelike konsepsie en geboorte aanvaar nie. Ons kan dus aanvaar dat Josef tot skande gemaak is in die gemeenskap oor sy gehoorsaamheid aan die Here.

Amen

5. Slot

Ons kan vandag se leerprediking afsluit deur weereens die maagdelike geboorte te beklemtoon. Ja dit is nie alledaags nie, daarom nie deel van algemene verifieerbare wetenskap nie. 'n Belangrike aspek van 'n wetenskaplike feit, lê juis daarin dat die herhaal kan word en by dieselfde resultaat geëindig kan word. Maar vir die Christen gelowige het die maagdelike geboorte juis net een keer plaasgevind. Trouens dit wat immers net een keer nodig. Want deur die maagdelik geboorte is ons Verlosser, ons Here Jesus Christus gebore. En soos ons in vraag 36 bely is Hy die Middelaar wat my sonde waarin ek ontvang en gebore is, volkome voor God bedek.

Dit is dus nie nodig dat daar ooit weer 'n maagdelike geboorte plaasvind nie. Tog is hierdie gesprek oor die wetenskap van die maagdelike geboorte baie interresant. Maar tog is dit ook baie hartseer. Want deur die jare wys dit ons op die mens se bereidwilligheid om maar sy geloof te buig en te manipuleer om in ander situasies in te pas. En dit is natuurlik wat nooit mag gebeur nie. Daarom sien ons die besondere rol van die kategismus om dwaalleer te beperk in aksie, hier in Sondag 14. Ons kan dit opsom as volg: Indien enigiets die maagdelike ontvangenis en geboorte Christus verwerp, is dit nie in lyn met die Bybel nie, en ook nie in lyn met die Here nie. Daarop behoort die gelowige enige sulke standpunte ook te verwerp as dwaalleer.